429/79

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

LESLEY SIKWEYIYA Appellant

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: RUMPFF, HR., JANSEN et KOTZÉ, ARR.

VERHOOR: 26.5.1980. GELEWER: 2.6.1980.

---

UITSPRAAK

RUMPFF, HR. :

Die appellant in hierdie saak is deur die Vrystaatse Hooggeregshof aan moord skuldig bevind, sonder versagtende omstandighede, en ter dood veroordeel. Met verlof van hierdie hof kom hy in hoër beroep teen die skuldigbevinding en vonnis. Terselfdertyd is daar 'n alternatiewe aansoek om nuwe getuienis voor te lê, met 'n verduideliking waarom die getuienis nie voor die verhoorhof gelê is nie.

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die oorledene in die saak, 'n jong sterkgeboude Swartman, is met 'n skerp voorwerp in sy regteroog gesteek, wat sy dood veroorsaak het. Nie alleen het hy 'n steekwond in die oog gehad nie maar ook 'n uitgebreide kneus- en skeurwond oor die regteroorskulp met 'n indringende wond agter die regteroor. Hierdie wond het ingedring tot op die skedelbeen. Eintlik was daar volgens die mediese getuienis drie afsonderlike wonde, nl. die steekwond in die oog, die skeure en kneusing van die regteroor en 'n indringende wond agter die regteroor. Twee getuies wat getuig het oor hoe die oorledene gedood is, is deur die Staat geroep. Die eerste was Solomon Mokopi. Op 'n Saterdagaand in Mei 1979 was hy by 'n dans in die Red Rooster Klub. Ongeveer 10.30 die aand was hy by 'n garage langs die Klub om te wag vir sy „chommies" wat sou kom. Hy het drie mans gesien kom. Dit het gelyk of hulle uit 'n voertuig gekom het, vanaf die kant van die garage. Een van hulle, die appellant, het hom gestamp en hom gevra wat hy wou gedoen het. Mokopi het toe naby die deur van die Klub gaan staan. 'n Tydjie daarna het

dieselfde/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dieselfde drie mans gekom,weer vanaf dieselfde kant. Appellant het Mokopi met sy linkerhand aan die lapel van sy baadjie gegryp. In sy regterhand het appellant 'n skroewedraaier gehad. Op daardie moment het 'n sekere Basie (die oorledene) daar aangekom en gevra „waarom hy (d.w.s. appellant) hulle wil slaan". Appellant het Basie toe met die skroewedraaier gesteek, aan die regterkant van die gesig. Mokopi het gesien dat appellant en die ander toe na hom kom en hy het weggehardloop, agtervolg deur appellant. Hy het na 'n polisievoertuig gehardloop en appellant aan die polisie uitgewys. In kruisondervraging het Mokopi gesê dat hy vanaf omtrent 9 uur die aand by die Klub was en „gejive" het maar hy het niks gedrink nie. Later het hy lank buite gestaan en wag vir sy maats. Volgens hom was die ligte by die garage swak maar die lig van die Red Rooster Klub het gebrand. Mokopi het in die begin gesien dat die drie mans (insluitende appellant) uit die kar gekom het, die deure van die kar toegemaak het en toe in sy rigting gestap het. Die motor was 'n bietjie meer as 'n tree van hom af. Appellant

wat/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat hom by daardie geleentheid gestamp het, het geen skroewedraaier in sy hand gehad nie. Later, toe hy aan die lapel gegryp is, was die lig goed waar hy gestaan het. Na appellant oorledene gesteek het, het appellant Mokopi dadelik agtervolg. Mokopi het nie gesien presies waar appellant die oorledene gesteek het nie behalwe dat dit agter of onder die regteroor was. Mokopi het ook gesê hy weet nie waar die besering in die oog vandaan gekom het nie en die rede wat hy gegee het was soos volg:

> „Ek weet nie want ek het weggehardloop.
> En beskuldigde is dadelik agter jou aan? ---
> Ja, hy het my agterna gesit."

Die weergawe van wat sou gebeur volgens appellant is aan hom gestel maar hy het dit ontken. Mokopi het ook nog die volgende gesê in verband met die steek:

> „Het jy nie vir die polisie gesê daar was nog twee ander mans ook bygewees nie? --- Ek het net die polisie vertel van die man wat die stekery gedoen het.
>
> Ek wil weet hoekom het jy nie vir die polisie van die ander twee mans vertel nie? ---
> Ek het net geweet ek wys vir die polisie die man wat my agterna sit."

Op/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Op verdere vrae deur die verhoorregter het Mokopi o.a. gesê:

> „Wat was beskuldigde se toestand ten opsigte van drank? --- Hy het normaal geloop. Hy het slingerende geloop. Ja, slingerend geloop. Kon jy drank aan hom ruik? --- Nee."

Mokopi het ook op vrae van 'n assessor gesê dat hy appellant baie vantevore gesien het, maar nie sy naam geken het nie.

Die indruk wat mens van Mokopi se getuienis kry, is dat appellant die leier was van 'n groepie van drie jong mans wat moeilikheid gesoek het. Volgens Mokopi was daar etlike mense in die omgewing wat die gebeurtenis kon gesien het. Volgens sy getuienis is hy sonder enige rede en sonder voorafgaande rusie eers gestamp en toe gegryp en is oorledene gesteek omdat hy volgens appellant „slim" is, „clever" is en „hy ken te veel".

Die tweede Staatsgetuie was 'n 50-jarige man, Titus, wat die aand 'n vriendin van hom en sy vrou wou gaan

aflaai/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aflaai by 'n huis net langs die Red Rooster Klub. Dit was ongeveer elf uur. Daar was motors voor die Klub geparkeer en een, 'n wit Valiant, het in sy pad gestaan. Titus het die toeter van sy motor geblaas maar niks het gebeur nie. Toe het hy weer op die toeter geblaas en daarop het hy die appellant gesien vanaf die Valiant beweeg na 'n paar mans wat by die deur van die Klub uitgekom het. Appellant het na een van die persone gesteek met 'n skroewedraaier. Die persoon het geval en die appellant het 'n klip opgetel en wou die man op die grond gooi maar is deur ander manne gekeer en die klip het uit sy hand geval. Titus het daarna verby die Valiant gery en die Polisie ontbied. Die vangwa het voor gery en hy het die vangwa gevolg. Titus kon nie met sekerheid sê of appellant uit die Valiant geklim het nie toe hy die oorledene gaan steek het. Hy het net gesien appellant beweeg vanaf die Valiant na die oorledene wat uit die Klub gekom het. Daar was ook nog ander mense in die Valiant maar hy weet nie hoeveel nie. Voor die steek plaasgevind het, was daar geen struweling tussen appellant en oorledene nie

en/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en appellant het ook nie agter iemand anders aangehardloop nie en indien iemand weggehardloop het, sou hy dit gesien het. Volgens Titus was oorledene in die geselskap van twee of drie mans toe hulle uit die Klub gekom het maar daar was omtrent vyf of ses mense teenwoordig toe die oorledene gesteek is. Volgens Titus was dit in die straat donker gewees hoewel daar 'n lig voor die deur van die Klub was, onder die stoep. Hy het appellant herken omdat sy kar en die Valiant se ligte aan was en ook dié van 'n lorrie wat „aan die voorkant" gestaan het. Die oorledene was 'n paar tree van die Valiant af toe hy gesteek is. Die steek wat hy gesien het, was teen die oorledene se kop op die regterkant. Ietwat later het hy gesê die steek was van vooraf, aan die regterkant van die gesig.

Die aanklaer het 'n sketskaartjie geteken, nie volgens skaal nie, en Titus gevra om aan te dui hoe sy motor geparkeer was in verhouding tot ander motors. Volgens Titus se aanwysing was daar geen dubbelparkering of so iets nie en het Titus se motor bloot agter die Valiant gestaan. Die konstabel

wat/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat appellant later gearresteer het, het uitdruklik verklaar dat toe hy op die toneel kom daar baie karre was, maar hy het nie 'n voertuig gesien wat dubbel geparkeer was nie. Die gebeure wat Titus weergegee het, is natuurlik heeltemal anders as dié van Mokopi. Volgens Titus het appellant alleen na 'n groep van ten minste drie mense gestap, en in teenwoordigheid van nog ander mense die oorledene gesteek, sonder enige skynbare rede. Appellant het ook nie Mokopi agtervolg nie maar 'n klip gevat wat hy later laat val het. In kruisondervraging het Titus herhaal dat die oorledene met ander uit die Klub gekom het en dat appellant alleen was toe daar gesteek is. Met die oog op appellant se getuienis is daar 'n erkenning deur Titus gemaak wat na my mening van belang is. Titus is namelik gevra oor die feit of oorledene alleen was. Die getuienis lui soos volg:

> „Staan hy toe heeltemal allenig daar? --- Nee hy het saam met ander manne, daar was ander manne wat daar gewees het saam met hom.
>
> Hoeveel mans? --- Twee of drie.
>
> Maar u het hom altyd duidelik in die oog gehou. Hy het nooit agter iemand anders gaan staan nie? --- Dit is reg. Edelagbare dit het so vinnig

gebeur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

> gebeur. Ek het nie opgelet nie, want ek wag vir die man om pad te gee, het ek net gesien die man steek na die persoon."

Die konstabel, 'n sekere Stanley, wat appellant gearresteer het, het verklaar dat Mokopi die appellant uitgewys het as die persoon wat oorledene gesteek het. Gevra waar appellant was toe hy op die toneel gekom het, het Stanley geantwoord:

> „Die beskuldigde het tussen 'n groep mense uitgekom daar. Ek het nie spesifiek opgelet waar hy was op daardie stadium nie."

Volgens Stanley het appellant na hy gearresteer was, soos volg op 'n vraag geantwoord:

> „Nadat u na die beskuldigde toe is en u hom arresteer het, het hy enige iets vir u gesê? --- Ek het die beskuldigde gevra of hy met die oorledene baklei het of hom gesteek het, waarop hy geantwoord het dat hy in geen baklei-ery betrokke was en hy het ook niemand gesteek nie.
>
> Kan u vir die Hof sê wat was die toestand van die beskuldigde met betrekking tot drank? --- Volgens my Edelagbare, was beskuldigde nugter en by sy volle verstand."

Stanley/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Stanley het 'n skroewedraaier opgetel omtrent 15 treë of so vanwaar die oorledene gelê het en niemand kon hom sê wie die eienaar van die skroewedraaier was. Volgens Stanley het appellant ook ontken dat dit sy skroewedraaier was. Eienaardig genoeg het Stanley nie in sy hoofgetuienis melding gemaak van 'n ander wapen, nl. 'n sakmes wat hy oop aangetref het, 'n treë vanaf die skroewedraaier nie. Eers in kruisondervraging het hy dit erken. Hy het dit 'n „klein messie" genoem maar later geskat dat die lem 2 of 2½ duim lank was. Eienaardig is ook die feit dat hoewel die skroewedraaier as bewysstuk by die verhoorhof ingehandig is, die sakmes klaarblyklik nie in die hof was nie.

Die appellant het onder eed getuienis afgelê en gesê dat hy op 1 Julie 1958 gebore is. Op die betrokke aand van die beweerde moord het hy die taxi van sy vader bestuur. Hy sou diens doen tot 12 uur wanneer hy sekere mense by die „Road House" moes haal. Terwyl hy in 'n sekere straat gery het, is hy deur Samuel Moklanke gestop en gevra om hom na die Red Rooster te neem. Toe appellant daar aankom, het hy 'n pad

ingery/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ingery om by die parkeerplek te kom. Mokopi het tussen motors geloop en appellant het getoet en moes op sy rem trap om Mokopi nie raak te ry nie. Mokopi het na die venster by appellant kom staan en appellant en sy moeder gevloek. Appellant het verskoning gevra en beduie dat hy dit nie opsetlik gedoen het nie, maar Mokopi het aanhou vloek en weggestap. Appellant het verder gery en 'n parkeerplek gevind. Appellant en Samuel het uitgeklim maar Mokopi was weer daar en wou baklei. Samuel het egter gekeer en Mokopi het weggestap en gesê dat hy sal terugkom en dat hy appellant sal wys. Samuel het die Klub binnegegaan, maar appellant, wat besluit het om ook in die Klub sy tyd te verwyl, wou eers die wieldoppe van sy taxi afhaal. Dit was die instruksies van sy vader om soiets te doen omdat vantevore die motor se wieldoppe gesteel is. Hy het 'n skroewedraaier uit die paneelkissie gehaal en die doppe begin afhaal en in die bak gesit. Hy het eers die doppe links afgehaal en daarna die regteragterwiel se dop. Toe hy dié dop in die bak wou sit, het hy Mokopi en nog iemand uit die deur van die Klub

sien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sien kom. Die twee het uitmekaar gegaan in verskillende rigtings. Appellant het na die regtervoorwiel gegaan en terwyl hy gehurk gesit het om die dop af te haal, het Mokopi hom binne die regterbeen geskop, bokant die knie. Toe appellant opstaan het Mokopi 'n steekbeweging na hom gedoen met 'n mes. Appellant het sy hande opgeswaai en agteruit beweeg. Die skroewedraaier was in sy regterhand en hy het in die hof getoon hoe hy gereageer het. Die verhoorregter het die posisie van die skroewedraaier soos volg beskryf:

> „SMUTS R: Hy wys na die skroewedraaier in sy regterhand met die duim bo-op die onderste punt van die hef van die skroewedraaier, sy duim daar en dan die ander vingers onder om die hef. Goed ja.
>
> MNR SMIT: En toe jy nou so agtertoe swaai met jou hande, hoe het die skroewedraaier beweeg? ---
>
> SMUTS R: Hy gooi nou beide hande agteroor en die regterhand met die skroewedraaier gaan dan oor sy regterskouer na agter.
>
> MNR SMIT: Ja, met 'n skuins beweging amper na links agter toe.
>
> SMUTS R: Ja, skuins links, met ander woorde mag noem die lem van die skroewedraaier, ek weet nie of dit die regte woord is nie, kom van sy liggaam agter nè?"

Appellant/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Appellant het verklaar dat hy gevoel het dat hy teen iets stamp. Die skroewedraaier is uit sy hand uit en hy het onmiddellik in die Klub ingehardloop omdat hy bang was dat hy weer aangeval sou word. Hy het in die Klub gesit en wag naby 'n venster totdat die polisie gekom het en hy het toe na die polisie gegaan. In kruisondervraging het hy gesê dat die Valiant 'n pers kleur gehad het. Sy vader het tevore 'n wit Valiant gehad wat as gevolg van 'n botsing destyds op 'n rommelwerf was. In kruisondervraging het appellant ook die volgende gesê:

> „Volgens jou dan, as ek jou reg verstaan, kan jy met ander woorde dan nie ontken dat hierdie wond op die oog deur jou veroorsaak is nie? --- Ek weet nie.
>
> En as dit wel deur jou veroorsaak is, volgens jou getuienis, dan is dit gedoen toe jy agteruit gespring het. --- Miskien sou dit op die tydstip wat ek koes na agter toe dat hy beseer is."

Appellant het ontken dat Stanley hom gevra het wie se skroewedraaier dit was. Op die toneel is niks aan appellant uitgewys nie maar in die aanklagkantoor is daar wel 'n mes gewys. Appellant is nie gekruisvra oor die weergawe van Mokopi nie. Wesenlik is hieromtrent net die volgende aan hom gestel:

„Ek stel dit aan jou dat jy die betrokke dag

in/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

> in 'n woordewisseling was met die eerste Staatsgetuie. --- Ek het nie. Hy het 'n stryery met my gehad. Ek het nie gestry nie.
>
> En die oorledene het niks te doen gehad met die stryery nie. --- Ek weet nie, ek ken hom nie. Glad nie, ek ken hom glad nie."

Samuel Moklanke het appellant se getuienis bevesti, dat hy met appellant in die huurmotor na die Red Rooster Klub gegaan het en dat daar moeilikheid was met 'n persoon wat amper raakgery was. Appellant het verskoning gevra maar die persoon het agterna gekom en toe appellant stop en hulle inklim, wou die persoon met appellant baklei. Samuel het die man gekalmeer. Samuel het gesê dat appellant eers die wieldoppe wou afhaal en na die bak gegaan het om 'n skroewedraaier te kry. Samuel het toe die Klub binnegegaan.

In kruisondervraging het hy verduidelik:

> „Hy het net gesê hy gaan die wieldoppe met 'n skroewedraaier afhaal en toe gaan hy na die ,boot' toe en ek los hom, ek gaan die klub in."

Hy het later die aand, toe hy hoor dat appellant gearresteer was, met 'n huurmotor gery na die ouers van appellant. Die adres het hy geweet omdat hy vantevore gesien het dat die taxi

van/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van appellant se vader altyd voor die huis staan. In antwoord op 'n vraag of daar dié aand dubbelparkering was, het hy gesê:

> „Daar was ander karre wat geparkeer was daarso en in daardie pad gaan net een kar daar verby, tussen die geparkeerde voertuie."

Aan die einde van die saak het die verhoorhof drie weergawes gehad, wat net een faktor in gemeen gehad het, nl. dat oorledene inderdaad deur appellant met 'n skroewedraaier gesteek is. Die omstandighede waaronder die steek plaasgevind het, verskil egter totaal. Volgens Mokopi was hy alleen toe hy deur appellant gegryp is. Hy het nog gewag op sy „chommies". Appellant was volgens Mokopi een van 'n groepie van drie. Nadat appellant die oorledene gesteek het, het hy dadelik Mokopi agtervolg.

Titus, die ander Staatsgetuie, sien appellant alleen gaan na 'n groepie mans wat uit die Klub uitgekom het. Sonder enige voorafgaande rusie sien hy appellant iemand 'n steek toedien. Daarna tel appellant 'n klip op maar word gekeer en die klip val uit sy hande. Titus sien niemand weghardloop

nie/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Sowel Mokopi as Titus praat van een steekhou wat hulle gesien het. Appellant gee 'n weergawe wat gedeeltelik gestaaf word deur 'n getuie Samuel wat oënskynlik 'n onpartydige getuie was. Op die getuienis van die Staatsgetuies, maar ook van die van appellant, vra mens jouself af waar die drie afsonderlike wonde vandaan kom wat aan die oorledene gevind is? Afgesien van hierdie vraag ontstaan verdere vrae met betrekking tot die weergawe van appellant. Indien hy inderdaad reeds drie wieldoppe afgehaal het en besig was om die laaste af te haal, is dit onwaarskynlik dat hy die aanvaller sou wees. Die verhoorhof het o.a. omtrent appellant bevind:

> „Die Hof glo nie sy storie dat hy besig was om wieldoppe af te haal en dat hy toe deur Mokopi aangeval is nie. Hy het voorgegee dat onmiddellik voor hy die wieldoppe begin afhaal het, hy die skroewedraaier uit sy motor se paneelkassie uitgehaal het.
>
> Sy eie getuie, SAMUEL MOKLANKE, weerspreek hom op die punt waar hy die skroewedraaier gekry het. Volgens laasgenoemde het hy dit uit die kattebak gehaal."

Dit is opmerklik dat appellant nie oor hierdie bewerings van hom ten opsigte van die wieldoppe gekruisvra is nie

en/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en daar was ook geen poging aan die kant van die Staat nie om uit te vind wat met die motor gebeur het na appellant se arrestasie, en wat die posisie omtrent die wieldoppe was.

By die afweeg van die getuienis oor wat presies gebeur het, staaf die aanwesigheid van die oop mes op die toneel die weergawe van appellant en nie die weergawe van Mokopi en Titus nie. Die aanwesigheid van die mes word soos volg in die uitspraak van die verhoorhof behandel:

> „Die feit dat 'n mes in die omgewing van die skroewedraaier opgetel is, word nie uit die oog verloor deur die Hof nie. Daar is egter geen suggestie in die getuienis van Titus of Mokopi dat die oorledene 'n mes gedra het of vir beskuldigde met 'n mes gedreig het nie en om die rede reeds gemeld, verwerp die Hof die beskuldigde se getuienis dat hy deur Mokopi aangerand is met 'n mes."

Na my mening het die verhoorhof hier misgetas. Omdat Titus en Mokopi nie beweer het dat die oorledene die appellant met 'n mes bedreig het nie, verwerp die verhoorhof die getuienis van appellant. Hierdie vorm van logika het juis die gevolg dat die mes nie net uit die oog verloor word nie, maar totaal geïgnoreer word.

In/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

In werklikheid is die mes stawing van appellant se getuienis en kan onmoontlik geïgnoreer word.

Wat die getuienis van Titus betref, sê die verhoorhof o.a.:

> „Met betrekking tot die verdere beserings wat die oorledene opgedoen het, blyk dit uit Titus se getuienis dat die beskuldigde die oorledene verder wou aanrand met 'n klip, maar dat hy gekeer is. Titus is toe weg om die polisie te ontbied. In alle waarskynlikheid is die oorledene toe geskop deur iemand op die regteroor wat die besering op die regter oorskulp veroorsaak het."

Hier aanvaar die verhoorhof as waarskynlik dat oorledene nog deur iemand anders as appellant aangerand is. Die verhoorhof handel nie met die moontlikheid nie dat Titus 'n gebeurtenis weergee wat onverwags plaasgevind het, nie in helder lig nie, en waarvan hy net 'n deel miskien gesien het. Wanneer Titus erken dat dit „so vinnig gebeur het" en dat hy nie opgelet het of iemand agter die appellant gestaan het nie, dan word sy getuienis so verswak dat die verhoorhof nie net kon sê: „Die Hof is tevrede dat hy (appellant) wel die oorledene daar gesteek

het/.....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het soos deur Titus en Mokopi getuig". Die getuienis van appellant se getuie, Samuel, wat soos reeds opgemerk, 'n onpartydige getuie skyn te gewees het, word gladnie in die uitspraak oorweeg nie. Die enigste verwysing in die uitspraak na Samuel se getuienis is die reeds aangehaalde:

> „Sy eie getuie, SAMUEL MOKLANKE, weerspreek hom op die punt waar hy die skroewedraaier gekry het. Volgens laasgenoemde het hy dit uit die kattebak gehaal."

Daar is geen rede om Samuel se getuienis te verwerp nie en as dit nie verwerp kan word nie, dan staaf dit dié deel van appellant se getuienis waarin hy beweer dat 'n rusie begin is deur Mokopi. En as dit so is, kan Mokopi se getuienis nie aanvaar word nie.

Daar is nog iets wat gemeld moet word. Appellant se bewering dat hy in die Klub ingehardloop het en daar gewag het totdat die polisie gekom het, is deur niemand weerspreek nie. Trouens, Starley het gesê dat toe hy op die toneel aangekom het, het beskuldigde „tussen 'n groep mense uitgekom daar". Indien appellant wel die oorledene moedswillig gesteek

het/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het in teenwoordigheid van ander mense, en daarna Mokopi agtervolg het, skyn dit heel onwaarskynlik te wees dat hy sou teruggegaan het na die Klub waar hy geweet mense sou hom herken het en waar hy kon verwag het die oorledene sou gelê het. Dit is hoogs onwaarskynlik dat hy in dergelike omstandighede sou gesit en wag het totdat die polisie sou kom en hom dan sou laat uitwys. Hierdie gedrag van appellant is in stryd met dié van 'n moeilikheidsoeker wat met 'n skroewedraaier rondloop en daarmee onnodig mense steek soos deur Mokopi beskryf is.

Na my mening moes die verhoorhof aan die einde van die saak 'n ernstige twyfel gehad oor wat gebeur het, veral weens die teenstrydighede in die getuienis van Mokopi en Titus, die aanwesigheid van die oop mes op die toneel, die getuienis van Samuel en die moontlikheid dat inderdaad appellant besig was om wieldoppe van die taxi af te haal toe oorledene 'n steekwond in die oog opgedoen het. Hierdie twyfel wat die verhoorhof moes gehad het, moet lei tot 'n bevinding dat die Staat sy saak nie bewys het soos regtens vereis word nie.

Weens/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Weens hierdie bevinding is dit onnodig om 'n beslissing te gee oor die aansoek om verdere getuienis aan te hoor.

Die appèl slaag en die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.

HOOFREGTER.

JANSEN, AR. )
) Stem saam.
KOTZÉ. AR. )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.